24.2 RAPPORT 2: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – OOP AFSTANDSLEER VIR KANDIDAATSTUDENTE VIR WIE DIT NIE MOONTLIK IS OM NA POTCHEFSTROOM TE KOM NIE (Art 211)

A. Die voorsitter, dr DG Breed, oorhandig die voorsitterskap aan die ondervoorsitter, ds SD Snyman.
B. Dr DG Breed lewer die Rapport.
C. Verdere toeligting van Docenda word deur dr DG Breed en br JH Steenekamp gedoen.
D. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

E. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2003:730, 24.3. Die Sinode besluit (1) dat onderneem word om dringend en ernstig te herbesin oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en “township”-gemeentes; (2) dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie (Acta 2009:811, 2.7.6; 2009:813-826, 1.5).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Ontwikkeling van die saak*

Die Kuratore het in Junie 2012 die volgende besluit geneem:

3.7 Dat die KDB ‘n Kommissie aanwys wat opnuut aandag gee aan die problematiek van voornemende kandidaatstudente vir wie dit nie moontlik is om op Potchefstroom te studeer nie. Die Kommissie moet ook poog om in hierdie verband praktiese aanbevelings te formuleer wat die Kuratore na Sinode 2015 kan neem.

Die Kuratore het saam met die Senaat in die ondersoek na oplossings vir die probleem van residensie onder andere die gebruik van toepaslike onderrigleertegnologie, en meer spesifiek witbordtegnologie, ondersoek. Tydens die Kuratore se vergadering op 16 Julie 2013 is die Dagbestuur opdrag gegee om die saak fyner uit te werk en aan die Kuratore voor te hou met die oog op Rapport aan Algemene Sinode 2015.

Die Kuratore het op sy vergadering van November 2013 kennis geneem van die volgende besluite wat die Dagbestuur op 14 Oktober 2013 geneem het:

6.1 Die Kuratore Dagbestuur spreek sy hartlike dank uit teenoor die gesamentlike Kommissie vir die werk wat die kort tyd tot beskikking, gedoen is.

6.2 In ag genome die kerklik-prinsipiële raamwerk volgens die Skrif, die Gereformeerde Belydenisskrifte, die Kerkorde en in die lig van relevante besluite van die Sinodes blyk dit moontlik dat die sogenaamde OAL-programme wat deur die NWU ontwerp word, vanaf ‘n kontak- na oopleer-afleweringsmodus met die nodige diskresie en aanpassing deur die GKSA gebruik kan word in die opleiding van studente wat as predikante in die GKSA (en in ander kerke) wil dien, dit is studente vir wie dit nie moontlik is om in Potchefstroom te studeer nie.

6.3 Die Kuratore Dagbestuur is bereid om mee te werk met die groep gelowiges uit die GKSA in die stigting van die Maatskappy sonder winsbejag. Die Kommissie word egter opdrag gegee om voortaan in Rapporte die unieke taak, opdrag en doel van die onderskeie rolspelers duideliker te onderskei en uit te spel, sodat bv die te stigte maatskappy nie ‘n taak op hom neem of ontvang wat uniek tot óf die kerke, die Kuratore of die TSP behoort nie.

6.4 Die Kuratore Dagbestuur onderneem om Kuratore wat oor die nodige gawes en tyd beskik te versoek om as direksielede van die maatskappy te dien.
6.5 Indien die Senaat positief oordeel oor die Rapport van die Kommissie, word die Voorsitter van die Kuratore versoek om al die Kuratore op die hoogte te bring van die verwikkelinge (vgl die besluit van die Kuratorevergadering van November 2012).
6.6 Indien die Senaat daartoe instem, word die gesamentlike Kommissie versoek om:
6.6.1 die ondersoek oor die praktiese uitvoerbaarheid van die implementering van die afstandsonderrigmodel te voltooi en tot beskikking van die Senaat en Kuratore te stel;
6.6.2 hierdie verwikkeling op 'n gepaste manier aan die GKSA bekend te maak. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur skrywes aan die Kerkrade en Streeksinodes en publikasies in *Die Kerkblad*.
6.6.3 die nodige ondersteuning te bied dat die Maatskappy Sonder Winsbejag betyds opgerig word sodat dit reeds in 2015 moontlik is om die programme van die OAL aan te bied.
6.6.4 Te besin oor die moontlikheid en wenslikheid dat 'n saamtrek of saamtrekke van gelowiges van die GKSA wat in Private Besigheidsektor betrokke is, gehou word. Indien dit voordelig sou wees vir die inisiatief, ontvang die Kommissie die opdrag om hierdie saamtrekke te organiseer.

Die Senaat het ingestem tot volle samewerking met die Kuratore in hierdie saak.

In November 2013 het die Kuratore kennis geneem van die gesamentlike Rapport van die Kuratore Dagbestuur en die Senaat, sowel as van die bekendstelling van die saak aan die kerke deur die Voorsitter van die Kuratore, dr DG Breed. Die oop afstandsleer met die hulp van *Docenda* kan ook vir ander Gereformeerde opleiding bv kort opleidingskursusse vir lidmate, gebruik word.

2.2 *Praktiese uitvoering van die Kommissie se opdrag*

Die volgende Rapport is aan die Kuratore van Junie 2014 voorgehou:

9.1 Stigting van maatskappy Docenda (NPC)

Tydens 'n Kommissievergadering op 6 November 2013 is 'n omvattende Beplanningsdokument en Konsep Besigheidsplan wat deur br Hannes Steenekamp voorberei is, goedgekeur. Hieruit het verskeie sake voortgevloei soos bv die formulering van die doel van die maatskappy, die naam van die maatskappy en die aanwysing van direksielede. Die Kommissie het tydens die ondersoek tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

a) As deel van die proses is die beginsel ook aanvaar dat 'n ander voertuig gevind moet word tov befondsing vir predikantsopleiding.
b) Daar moet gelyktydig besin word oor hoe om gemeentes beter te bemagtig om missionêr op te tree – nie net tov die Evangelie-verkondiging nie, maar ook tov die probleem van morele verval en armoedeverligting in die land.
c) Daar moet 'n manier gevind word om nie verdere finansiële verpligtinge op gemeentes te plaas nie.
d) Al die rolspelers moet saamgetrek en gekoördineer word sonder dat predikante en Kommissies tyd en energie moet afstaan aan finansiële en administratiewe sake.
e) Die bogenoemde sake kan ondervang word deur die maatskappy sonder winsbejag te stig.

9.1.1 Doelwit van *Docenda*

Die maatskappy, *Docenda*, is op 2 Junie 2014 as 'n maatskappy sonder winsbejag geregistreer met die volgende doelwit:

a) Befondsing van OLS teologiese studente.
b) Befondsing vir die vergaar van nuwe gemeentes (kerkplanting).
c) Daarstel van befondsing vir die aanspreek van armoede en sosio-ekonomiese probleme in gemeenskappe.

d) Daarstel van befondsing om morele verval teen te werk dmv kwaliteit teologiese opleiding van studente wat voortgaan om in hulle gemeenskappe te bly en te werk.
e) Al bogenoemde in samewerking met plaaslike gemeentes en hulle evangelisasie-kommissies en susters.
f) Die identifisering en verkryging van borgskappe/donasies.

9.1.2 Rolspelers

Die rolspelers binne en saam met *Docenda* (*NPC*) is die volgende:

a) Kuratore wat twee direksielede benoem, met een stem: Dr DG Breed en ds PM Modise.
b) Fakulteit Teologie van NWU wat twee direksielede benoem, met een stem: proff JJ Janse van Rensburg en FP Viljoen.
c) TSP Senaat wat twee direksielede benoem, met een stem: proff GJC Jordaan en LH Moretsi.
d) Die Kuratore benoem ook een direksielid vanuit die privaatsektor (sakelui, bestuurslui en enige ander belangstellendes) met een stem: br Hannes Steenekamp.
e) Die bogenoemde direkteure sal na die beplande byeenkoms in Pretoria van 12 Junie 2014 ‘n verdere drie direksielede vanuit die privaatsektor (sakelui, bestuurslui en enige ander belangstellendes) benoem. Gesamentlik sal die 4 direkteure een stem hê.
f) Die Forum vir Gereformeerde Sakelui (d.i. alle lidmate binne GKSA wat sakelui is en op ‘n kontinue basis die maatskappy wil ondersteun en daarby betrokke wil wees dmv ‘n nasionale netwerk).
g) Organiseerder (Hoof Uitvoerende Beampte).
h) Plaaslike gemeentes.
i) Fasiliteerders.
j) Studente.
k) Donateurs en borge.

9.1.3 Spesifieke take van *Docenda* (NPC)

a) Ontwikkel strategiese befondsingsmodelle.
b) Identifiseer en verkryging van borgskappe.
c) Soos bogenoemde tov donasies.
d) Bemarking na buite die GKSA.
e) Kommunikasie met donateurs en borge.
f) Marknavorsing.
g) Logistieke steun.
h) Identifisering en verkryging van fasiliteite.
i) Verkryging en daarstel van toerusting en die nodige tegnologie.
j) Instandhouding en versekering.
k) Registrasie as PBO *(Public Benefit Organization)* en uitreik van Artikel 18a-sertifikate.

9.2 Fakulteit Teologie en die Eenheid vir Oop Afstandsleer

9.2.1 Programme, fasiliteite en ervaring

Fakulteit Teologie kan as logistieke voertuig vir die opleiding dien. Die programme en fasiliteite van die Fakulteit Teologie en die Eenheid vir Oop Afstandsleer word benut om die afstandsopleiding aan Kandidaatstudente te gee. Die fasiliteite by NWU sluit tans twee volledig toegeruste ateljees by hoofkampus met opgeleide personeel in. Die Fakulteit Teologie is reeds ses jaar lank besig met afstandsleer en het reeds baie van die groeipyne opgelos.

Voorbeelde in die ervaring van die Fakulteit en EOAL, is:

a) Elke naweek (Vrydae, Saterdae) word ‘n minimum van 25 en maksimum van 60 modules per witbord uitgesaai.

b) Per DVD-verpakking word gemiddeld 10 modules per week op internet geplaas, wat studente via skakel kan aflaai.
c) Teologie-modules reeds per witbord: 6 tot 8 tweeweekliks.
d) Moontlikheid in toekoms van uitbreiding van ateljee-geriewe na TSP-gebou.

9.2.2 Afleweringsmetodes

Twee afleweringsmetodes word benut:

1. Intydse, interaktiewe direkte aflewering (witbordtegnologie) het die voordeel dat die student dmv die interaktiwiteit direkte vrae kan vra en antwoorde van die dosent kan kry. Die fasiliteerder hoef slegs tegniese ondersteuning te bied. Die nadeel is egter dat studente wat bedags werk of in ander tydsones bly, nie altyd intyds kan inskakel nie.
2. Verpakte materiaal (DVD) bevat ‘n opname van die volledige lesing en interaksie met studente wat in die klas was. Dit het die voordeel dat die student enige tyd na die lesing kan luister en kyk. Die nadeel aan die verlies aan direkte interaksie met die dosentis dat die fasiliteerder ‘n groter adviserende rol sal moet speel. Vrae aan die dosent en terugvoer is nie direk nie maar vind slegs per elektroniese pos plaas.

9.2.3 Mensemateriaal

Verskeie professore het reeds modules per witbord aangebied en die personeel is bedrewe in elektroniese aanbiedings vir kontakklasse. Daar word reeds jare lank van gelyktydige tolksisteem gebruik gemaak en die NWU se tolkdiens Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans word op professionele wyse bedryf. Die stelsel is geskik vir uitbreiding na ander tale.

Daar is landswyd opgeleide persone in kerke, wat beskikbaar gestel kan word om as fasiliteerders by leersentra te dien.

2.3 *Besluit van die Kuratore Junie 2014*

1. Dank word teenoor die Kommissie uitgespreek vir die werk wat gedoen is om die praktiese uitvoering van die opleidingsmodel van stapel te stuur;
2. Die Kuratore neem met dank kennis van die stigting van *Docenda* wat verantwoordelik is vir die bemarking, logistieke steun, identifisering en verkryging van fasiliteite, verkryging en daarstel van toerusting en die nodige tegnologie, en die befondsing van opleiding van studente. Besondere dank word teenoor sr Marieta Steenekamp uitgespreek wat ingewillig het om as tussentydse Senior Administratiewe Beampte van *Docenda* op te tree;
3. Die Kuratore spreek sy dank uit teenoor die Fakulteit en die EOAL wat die aanbieding van klasse fasiliteer;
4. Die Kuratore neem daarvan kennis dat:
   4.1 die opleiding deur die benutting van toepaslike onderrigleertegnologie om dit vir kandidaatstudente wat nie na Potchefstroom kan kom nie, moontlik te maak om die opleiding by beroep professore te ontvang, DV vanaf 2015 kan plaasvind;
   4.2 die eerste twee byeenkomste om die saak bekend te stel by predikante van die kerke, plaasgevind het, naamlik op 19 Mei 2014 in Pretoria en op 6 Junie 2014 in Potchefstroom;
   4.3 die eerste byeenkoms van Gereformeerde sakelui DV op 12 Junie 2014 in Pretoria plaasvind waar die Forum vir Gereformeerde Sakelui DV gestig gaan word;
   4.4 die eerste vergadering van huidige direksielede van *Docenda* plaasgevind het en dat die reeds aangewese direksielede drie verdere direksielede uit die beskikbare persone uit die sakelui sal aanwys.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

F. **AANVULLENDE RAPPORT**

In ooreenstemming met KO, artt 18 en 19 en in ooreenstemming met Sinodebesluite, bv Acta 1994:699-700, Acta 2009:811 en Acta 2012:473-474 en veral Acta 2006:791-805, is daar op inisiatief van die Kuratore ‘n maatskappy sonder winsbejag, *Docenda*, gestig. Dit word beoog dat hierdie maatskappy in samewerking met plaaslike Gereformeerde Kerke geleentheid sal bied aan studente (kandidaatstudente en ander) om teologiese onderrig deur middel van moderne tegnologie te ontvang vanaf Potchefstroom, sonder dat hulle na Potchefstroom hoef te verhuis. Indien die Sinode toestemming verleen, sal meer besonderhede mondeling tydens Algemene Sinode 2015 verskaf word.

Studente wat by die oopleersentra (GKSA kerkgeboue) studeer, sal met behulp van gebeeldsende klasaanbiedings dieselfde opleiding deur dieselfde teologiese professore as die studente in Potchefstroom, ontvang. Die fasiliteerders wat by hierdie oopleersentra sal diens doen, sal deur die Kuratore gekeur word en sal meestal GKSA predikante wees.

Die befondsingsmodel van *Docenda* is so uitgewerk dat dit geen finansiële las op die GKSA of die gemeentes wat betrokke is by die Oopleersentra, plaas nie. Indien die Sinode toestemming verleen, sal hierdie befondsingsmodel tydens die Algemene Sinode 2015 kortliks mondeling toegelig word.

Teologiese studente wat van hierdie geleentheid gebruik maak, sal DV in Februarie 2015 reeds by vier oopleersentra wat volgens hierdie model opgerig is, kan studeer, naamlik by GK Meyerspark, GK Nylstroom, GK Sunnyside en GK Windhoek. Daar is tans ook verskeie gemeentes wat versoek het dat hulle geboue as oopleersentra sal dien. Die beplanning is dat gemeentes regoor SA en Namibië vanaf 2016 betrokke sal raak by hierdie inisiatief.

<u>Aanbevelings</u>

1. Die Sinode gee geleentheid vir mondelinge toeligting oor *Docenda* en die befondsingsmodel.
2. Die Sinode doen ‘n beroep op die kerke om hierdie inisiatief te ondersteun.

Besluit: Kennis geneem.